



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 10

VRAESTEL 1

NOVEMBER 2018

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n antwoordboek met 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig en volg dit presies.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK is voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Formuleblad is voorsien aan die einde van die vraestel.
4. Toon ALLE berekeninge aan om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart pen gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar van toepassing, moet alle berekeninge tot EEN desimale plek getoon word.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om nie van dit af te wyk nie.

VRAAG 1: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp van vraag	Hierdie vraag integreer:
Begrippe Ontleding van transaksies	Rekeningkundige begrippe Ontleding van transaksies van 'n alleenhandelaar

VRAAG 2: 50 punte; 40 minute	
Onderwerp van vraag	Hierdie vraag integreer:
Inkomstestaat	Jaareind-aansuiwerings Inkomstestaat van 'n alleenhandelaar

VRAAG 3: 40 punte; 30 minute	
Onderwerp van vraag	Hierdie vraag integreer:
Balansstaat en notas	Notas tot die Finansiële state Balansstaat

VRAAG 4: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp van vraag	Hierdie vraag integreer:
Ontleding en vertolking	Ontleding en vertolking

VRAAG 1: BEGRIPPE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES (30 punte; 25 minute)**1.1 REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE**

Kies die korrekte woord(e) van KOLOM B om met die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die nommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die brondokument wat gebruik word om aan te teken indien 'n debiteur goedere terugstuur na die besigheid.	A	Oorspronklike faktuur
1.1.2	Die brondokument wat gebruik word om krediet aankope te boekstaaf.	B	Duplikaat faktuur
1.1.3	Die brondokument wat gebruik word om aan te teken wanneer die besigheid goedere aan 'n krediteur terugstuur.	C	Kredietnota
1.1.4	Die brondokument wat gebruik word om 'n kredietverkope transaksie aan te teken.	D	Duplikaat kwitansie
1.1.5	Die brondokument wat gebruik word om aan te teken wanneer 'n huurder sy maandelikse huur betaal.	E	Tjekteenblad
		F	Debietnota

(5)

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Die transaksies verskyn in die boeke van Lebombo Handelaars. Die besigheid handhaaf 'n 50% winsopslag op kosprys. Die finansiële jaar eindig op 28 Junie 2018.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte wat voorsien is in die ANTWOORDBOEK. Neem aan dat die besigheid 'n **gunstige** banksaldo het vir al die transaksies.

(25)

Voorbeeld: Die besigheid betaal die telefoonrekening per tjek, R500.

TRANSAKSIES:

- 1.2.1 Ontvang R1 500 van 'n debiteur, M Mkhize, ter gedeeltelike betaling van sy rekening.
- 1.2.2 Koop skryfbehoeftes op krediet by ABC Handelaars vir R2 200 aan.
- 1.2.3 Kontantverkope vir die dag beloop R9 600.
- 1.2.4 Stuur skryfbehoeftes van R550 terug aan 'n krediteur, ABC Handelaars.
- 1.2.5 Skryf P. Peens, 'n debiteur, se rekening af as oninbaar, R400.

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT (50 punte; 40 minute)

Die volgende inligting het betrekking op BB Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

- 2.1** Berei die Inkomstestaat van BB Handelaars voor aan die einde van die finansiële Jaar, 28 Februarie 2018. Wys alle berekeninge in hakies om deelpunte te verdien.

(50)

INLIGTING:

- A. Voor-aansuiwerings proefbalans van BB Handelaars op 28 Februarie 2018.

Balansstaatrekening-afdeling			
Kapitaal			2 300 000
Onttrekkings		40 000	
Grond en geboue		1 730 000	
Voertuie		900 000	
Toerusting		90 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie			180 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting			42 000
Handelsvoorraad		90 000	
Debiteurekontrole		270 000	
Krediteurekontrole			96 500
Bank		42 500	
Kleinkas		400	
Vaste deposito – ABC Bank (9%)		200 000	
Lening XYZ Bank			300 000
Nominale rekeninge afdeling			
Verkope			914 000
Koste van verkope		410 000	
Debiteure-afslag		1 800	
Eiendomsbelasting		24 000	
Kommissie inkomste			68 000
Huurinkomste			156 000
Salarisse		269 510	
Versekering		62 000	
Oninbare skuld		1 600	
Rente op oortrekking		2 800	
Rente op vaste deposito			8 250
Skryfbehoeftes		7 000	
Telefoon		14 400	
Water en elektrisiteit		8 740	
		4 164 750	4 164 750

Aansuiwerings

- B. 'n Debiteur, S Mabe, stuur goedere met 'n verkoopprijs van R1 400 terug, kospryskode TEW. (Geheime kospryskode is WONDERHUTS, waar W = 0). Geen inskrywing is gemaak nie.
- C. Die huur vir Maart 2018 is reeds ontvang.
- D. 'n Jaarlikse versekeringskontrak vir R24 000 word op 1 Junie elke jaar betaal.
- E. R800 is ontvang van 'n insolvente boedel van R. Radebe, 'n debiteur wat R950 geskuld het. Dit is reeds in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken. Geen ander inskrywings is gemaak nie.
- F. Die besigheid het die leningstaat van die bank ontvang. Die maandelikse terugbetaling was R10 000. Saldo op 1 Maart 2017, R384 000. Rente is gekapitaliseer. Voorsien vir die rente vir die jaar.
- G. Die vaste deposito is op 1 September 2017 belê. Maak voorsiening vir die uitstaande rente.
- H. Handelsvoorraad beloop R88 900 en skryfbehoeftes R1 200 op 28 Februarie 2018.
- I. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 10% op kosprys en toerusting 20% op die verminderdesaldo-metode.
- J. M. Matthews, 'n debiteur wie se rekening reeds afgeskryf is, betaal R600. Dit is in die Kontantontvangstejoernaal in die Debiteurekontrolekolom aangeteken. Stel die fout reg.

VRAAG 3: BEGRIPPE, BALANSSTAAT EN NOTAS**(40 punte; 30 minute)****3.1 BEGRIPPE**

Kies een begrip uit die lys wat voorsien is vir elke voorbeeld wat genoem word. Skryf slegs die begrip in die ANTWOORDBOEK langs die vraagnommer (3.1.1-3.1.5) neer.

Paring , wesenlikheid, historiese koste, lopende saak, omsigtigheid, besigheidsentiteit

- 3.1.1 Bates word teen die bedrag wat dit oorspronklik voor aangekoop is, aangeteken. (1)
- 3.1.2 Uitgawes en inkomste moet in die toepaslike finansiële tydperk aangeteken word. (1)
- 3.1.3 Die rekenmeester neem aan dat die besigheid in die nabye toekoms sal voortgaan met besigheid. (1)
- 3.1.4 Die finansiële sake van die eienaar en die van die besigheid moet apart aangeteken word. (1)
- 3.1.5 Die bedrag wat betekenisvol is vir besluitneming vir die leser van die finansiële state moet apart in die finansiële state getoon word. (1)

3.2 KIES HANDELAARS

Die onderstaande inligting het betrekking op Kies Handelaars vir die finansiële tydperk geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

- 3.2.1 Berei die volgende notas tot die Balansstaat voor
- Eienaarsbelang (5)
 - Handels en ander ontvangbares (4)
 - Kontant en kontantekwivalente (4)
- 3.2.2 Berei die Balansstaat (Staat van Finansiële posisie) op 28 Februarie 2018 voor. Toon ALLE berekeninge. (22)

INLIGTING

Uittreksel uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2018.

Kapitaal op 1 Maart 2017	R1 020 000
Onttrekkings	24 000
Vaste bates teen drawaarde	1 543 135
Vaste deposito: BFL Bank	185 000
Verbandlening	800 000
Handelsvoorraad	120 600
Debiteurekontrole	86 000
Bank	19 570
Kleinkas	1 030
Wisselgeld	500
Krediteurekontrole	64 350
Vooruitbetaalde uitgawes	5 500
Vooruitontvange inkomste	3 000
Opgelope inkomste	4 300
Opgelope uitgawes	2 335

ADDISIONELE INLIGTING

1. Kapitaal en Winste
 - Die eienaar het 'n verdere R38 000 as addisionele kapitaal in die besigheid belê. Dit is nie geboekstaaf nie.
 - Die netto wins wat in die wins-en-verliesrekening bereken is, beloop R106 000.
2. Lening en terugbetalings
 - 'n Paalement van R50 000 word jaarliks op 30 September op die lening terugbetaal.
3. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2018 toon die volgende voorhande:
 - Handelsvoorraad R114 000
 - Skryfbehoeftes R12 650

VRAAG 4**ONTLEDING EN VERTOLKING****(30 punte ; 20 minute)**

Gebruik die onderstaande inligting uit die boeke van Mamka Koffiewinkel.
Toon alle berekeninge en gee antwoorde tot slegs een desimale plek. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 65% op kosprys.

GEVRA:

- 4.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig **28 Februarie 2018**:
- 4.1.1 Bruto wins as 'n persentasie van koste van verkope. (4)
 - 4.1.2 Netto wins as 'n persentasie van omset. (3)
 - 4.1.3 Bedryfsverhouding. (4)
 - 4.1.4 Vuurproefverhouding (4)
 - 4.1.5 Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang (5)
- 4.2 Dink jy Mamka Koffiewinkel kan tevrede wees met die bruto wins % op koste van verkope? Lewer kommentaar en haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)
- 4.3 Mamka Koffiewinkel is tevrede met die likiditeitsposisie van die besigheid. Lewer kommentaar deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf. (4)
- 4.4 Moet Mamka Koffiewinkel tevrede wees met die verdienste op gemiddelde eienaarsbelang? Lewer kommentaar deur syfers aan te haal om jou antwoord te staaf. (3)

INLIGTING

UITTREKSEL UIT DIE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE		
	2018	2017
Verkope	640 000	560 000
Koste van Verkope	(400 000)	(350 000)
Bruto Wins	240 000	210 000
Ander Bedryfsinkomste	202 580	195 000
Bedryfsuitgawes	(211 805)	(211 150)
Bedryfswins	230 775	193 850
Rente uitgawe	(36 000)	(48 000)
Netto Wins	194 775	145 850

UITTREKSEL UIT DIE BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE:		
	2018	2017
Vaste Bates	?	?
Vaste Deposito (10%)	110 000	80 000
Bedryfsbates	?	?
Handelsvoorraad	27 035	25 200
Handels- en ander ontvangbares	22 350	35 340
Kontant en Kontantekwivalente	825	840
	?	?
Eienaarsbelang	635 716	590 000
Niebedryfslaste	100 000	100 000
Bedryfslaste	13 327	18 600
	?	?

Finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017

Bedryfsverhouding	3,3 : 1
Vuurproefverhouding	1,4 : 1
Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang	39%

30

TOTALE PUNTE : 150

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbare + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	